

DIE VIERING VAN DIE HERE SE PASSIE

GOEIE VRYDAG

Eerste Skriflesing: Jesaja 52: 13-53:11

Beurtpsalm: Psalm 31: 2.6. 12-13. 15-17. 25

Tweede Skriflesing: Hebreërs: 4: 14-16. 5: 7-9

Evangelie: Johannes 18: 1-19. 42

Jesus strek sy arms uit tussen hemel en aarde. Die voorhangsel in die Tempel, wat God en mens van mekaar geskei het, word middeldeur geskeur. Jesus is nou die ewige onvernietigbare brug en Weg na die Vader. Vandag is die dag waarop die Bruidegom weggeneem is en daarom vas sy vriende (vgl. Matteus 9:15). Die Kerk weerhou haar selfs van die Heilige Mis. Vandag se liturgie bestaan hoofsaaklik uit 'n Woorddiens wat gevolg word deur voorbedding vir die wêreld se behoeftes, die verering van die Kruis en 'n kort Kommunediens. Vandag vier ons die einde van 'n tydperk in die mens se geskiedenis. Die mens hoef nie langer in vrees en angste te lewe nie, nie langer gebuk gaan onder sy sondes nie, nie langer oorgelaat aan die bose nie. Nou begin die tyd van die Nuwe Verbond.